

15 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 4 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 4:9

Geloofsvertroue in God Drie-enig

Psalm 4 spreek van onvoorwaardelike vertroue in die Here. Ten spyte daarvan dat ons as gelowiges dikwels in die duisternis van lewensnood lewe, word ons gebring by geloofsvertroue in God. Heel dikwels is ons sonde die oorsaak van die duisternis rondom ons. God is 'n regverdige God wat geen onreg verduur nie; tog is Hy ook 'n God van genade. Teenoor God, die Regverdige, staan die sonde. Die duisternis omhul 'n mens soms só dat jy wil vra: "Wie sal ons die goeie laat sien?" Wanneer die donkerte juis op sy ergste rondom ons is, moet ons nie vra nie: "Wie sal ons die goeie laat sien?" Ons moet in geloofsvertroue uitroep: "Verhef oor ons die lig van jou aangesig, o Here!" Die duisternis rondom ons kan verlig word met die aangesig van God. Dawid rig sy gebed tot God om hulp. Hy kan getuig van innerlike blydskap wat hy reeds van God ontvang het. Om op die Here te vertrou, beteken om jou nie aan iets onsekere oor te gee nie. Vertroue op die Here bied veiligheid ten spyte van jou omstandighede.

Die aangesig van God straal die heerlike lig van volmaaktheid uit, in besonder soos wat ons dit in sy mag, liefde en genade ervaar. Dit is juis wanneer dit donker is dat God vir ons lig skenk. Ons het almal ons moedlose en swaarmoedige oomblikke. Bid dan: *Verhef oor ons die lig van u aangesig, o Here!*

Sing: Psalm 4 Ds JG Noëth (Wolmaransstad)